DIE PROVINSIE TRANSVAAL

Buitengewone Offisiële Koerant

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

PRYS: S.A. 15c OORSEE 20c

THE PROVINCE OF TRANSVAAL

Official Gazette Extraordinary

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

PRICE: S.A. 15c OVERSEAS 20c

VOL. 222 PRETORIA 15 DESEMBER 15 DECEMBER, 1978 3992

Administrateurskennisgewing 1884 15 Desember 1978

REGULASIES OP BURGERLIKE BESKERMING INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 17 VAN DIE ORDONNANSIE OP BURGERLIKE BESKERMING, 1977 (ORDONNANSIE 20 VAN 1977).

Met die goedkeuring van die Minister maak die Administrateur hierby ingevolge artikel 17 van die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1977 (Ordonnansie 20 van 1977) die volgende regulasies:

REGULASIES OP BURGERLIKE BESKERMING

Woordomskrywing.

1. In hierdie Regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, beteken "diens" met betrekking tot burgerlike beskerming, die verrigting van 'n handeling in verband met 'n aangeleentheid wat in artikel 3(1) van die Ordonnansie genoem word;

"geneesheer", iemand wat as sodanig kragtens die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe, 1974 (Wet 56 van 1974), geregistreer is.

"Hoof" die persoon in diens van 'n plaaslike bestuur wat ingevolge artikel 4(2) van die Ordonnansie as Hoof van Burgerlike Beskerming aangestel is en vir die toepassing van hierdie Regulasies, sluit dit enige persoon in wat deur hom gemagtig is om namens hom op te tree;

"korps", die Burgerlike Beskermingskorps wat ingevolge Regulasie 2 ingestel is;

"lid", 'n persoon wat ingevolge Regulasie 3 as 'n lid van die korps aangestel is of geag word aangestel te wees;

"Ordonnansie", die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1977 (Ordonnansie 20 van 1977);

en het enige ander woord of uitdrukking die betekenis wat in die Ordonnansie daaraan geheg word.

Instelling van Burgerlike Beskermingskorps

2.(1) 'n Plaaslike Bestuur stel so spoedig moontlik na die inwerkingtreding van hierdie Regulasies 'n Burgerlike Beskermingskorps in.

(2) Die lede van die korps is die persone wat ingevolge hierdie Regulasies deur die Hoof aangestel is om diens te verrig.

Aanstelling van lede van korps

3.(1) Niemand word as 'n lid aangestel nie —

Administrator's Notice 1884 15 December, 1978

REGULATIONS ON CIVIL DEFENCE IN TERMS OF THE PROVISIONS OF SECTION 17 OF THE ORDINANCE ON CIVIL DEFENCE, 1977 (ORDINANCE 20 OF 1977).

With the approval of the Minister the Administrator, in terms of section 17 of the Civil Defence Ordinance, 1977 (Ordinance 20 of 1977) hereby makes the following regulations:

REGULATIONS ON CIVIL DEFENCE.

Definitions.

In these Regulations, unless the context otherwise indicates —

"Chief", means the person in the service of a local authority who has been appointed in terms of section 4(2) of the Ordinance as Chief of Civil Defence, and in the application of these Regulations, includes any person authorised by him to act on his behalf;

"corps", the Civil Defence Corps instituted in terms of Regulation 2;

"medical practitioner" a person who is registered as such under the Medical, Dental and Supplementary Health Service Professions Act, 1974 (Act 56 of 1974);

"member", a person who is appointed or is deem to have been appointed as a member of the corps;

"Ordinance", the Civil Defence Ordinance, 1977 (Ordinance 20 of 1977);

"service", in relation to civil defence, the performance of an act in connection with a matter mentioned in section 3(1) of the Ordinance or;

and any other word or expression shall have the meaning assigned thereto in the Ordinance.

Institution of Civil Defence Corps.

2.(1) A Local Authority shall as soon as possible after these Regulations have come into force, institute a Civil Defence Corps.

(2) The members of the corps shall be persons who have been appointed by the Chief to render service in terms of these Regulations.

Appointment of members of corps.

3.(1) No person shall be appointed as a member —

(a) tensy —

(i) hy skriftelik op die Bylae A voorgeskrewe vorm daarom aansoek doen;

(ii) hy ingevolge 'n regulasie in artikel 8 van die Wet beoog, bevoeg is;

(iii) hy binne die regsgebied van die plaaslike bestuur woonagtig is;

(iv) hy na die mening van die Hoof —

(aa) van goeie karakter is;

(bb) liggaamlik en geestelik geskik is om diens te verrig;

(v) hy reeds die ouderdom van 14 jaar bereik het;

(vi) hy homself op gemelde vorm verbind het om diens te verrig en opleiding in verband met diens te ondergaan, en

(vii) hy 'n mediese verslag ooreenkomstig Bylae B in verband met sy algemene gesondheidstoestand by die Hoof ingedien het.

(b) indien die Hoof —

(i) na oorlegpleging met sodanige persoon se werkgewer (indien hy een het) van mening is dat sodanige persoon vanweë sy amp, professie of beroep; of

(ii) van mening is dat sodanige persoon om enige ander rede,

waarskynlik nie in staat sal wees om diens te verrig wanneer dit verlang word nie.

(2) Die mediese verslag in subregulasie (1)(a)(vii) genoem, word verstrek deur 'n geneesheer van 'n lid se eie keuse op sy eie koste of deur 'n geneesheer deur die Hoof aangewys op koste van die plaaslike bestuur.

(3) 'n Werknemer van 'n plaaslike bestuur wat uit hoofde van sy diensvoorwaardes en in die loop van die verrigting van sy gewone dienspligte, werksaamhede verrig wat in verband staan met of betrekking het op 'n aangeleentheid in artikel 3(1) van die Ordonnansie beoog, word geag ingevolge hierdie Regulasies as 'n lid aangestel te wees, en die bepalings van hierdie Regulasies, uitgesonderd subregulasies (1) en (2) en Regulasies 4(1) en 8, is *mutatis mutandis* op hom van toepassing.

(4) 'n Lid van 'n Vereniging wat ingevolge artikel 2(1) van die Ordonnansie tot 'n plaaslike bestuur verklaar is, word as lid van die korps wat deur sodanige plaaslike bestuur ingestel is, aangestel indien hy ingevolge subregulasie (1) bevoeg is om aldus aangestel te word: Met dien verstande dat vir die aanstelling as lid van sodanige korps, van die Hoof wat deur sodanige plaaslike bestuur aangestel is, die verwysing in Regulasie 2(2) en subregulasies (1) en (2) na Hoof, geag word 'n verwysing na die Administrateur te wees.

Hoof moet lidmaatskapregister hou.

4.(1) Die Hoof hou 'n register in 'n vorm wat hy dienstig ag waarin die volgende besonderhede ten opsigte van iemand wat ingevolge Regulasie 3 as lid aangestel is, onverwyld aangeteken word:

(a) Volle naam, van en identiteitsnommer;

(b) Geslag;

(c) Ouderdom;

(a) unless —

(i) he applies therefor on the form prescribed in Schedule A;

(ii) he is competent in terms of a regulation contemplated in section 8 of the Act;

(iii) he resides within the area of jurisdiction of the local authority;

(iv) in the opinion of the Chief —

(aa) he is of good character;

(bb) he is physically and mentally capable of rendering service;

(v) he has already reached the age of 14 years;

(vi) he has bound himself on the said form to render service and to undergo training in connection with service; and

(vii) he has submitted a medical report in accordance with Schedule B in respect of the general state of his health to the Chief;

(b) if the Chief —

(i) after consultation with such person's employer (if he has one), is of the opinion that such person, by reason of his office, profession or occupation, or;

(ii) is of the opinion that such person, for any other reason: is not likely to be capable of rendering service when required to do so.

(2) The medical report mentioned in subregulation (1)(a)(vii) shall be furnished by a medical practitioner of the person's own choice at his own expense or by a medical practitioner designated by the Chief at the expense of the local authority.

(3) An employee of a local authority who, by reason of the conditions of his service and in the course of the exercise of his normal duties performs any work in connection with any matter contemplated in section 3(1) of the Ordinance, shall be deemed to have been appointed as a member in terms of these Regulations, and the provisions of these Regulations, except subregulations (1) and (2) and Regulations 4(1) and 8, shall *mutatis mutandis* be applicable to him.

(4) A member of an Association which has, in terms of section 2(1) of the Ordinance, been declared a local authority shall be appointed a member of the corps instituted by such local authority if he is in terms of subregulation (1) qualified to be so appointed: Provided that for the appointment as member of such corps of the Chief appointed by such local authority, the reference in Regulation 2(2) and subregulations (1) and (2) to Chief, shall be deemed to be a reference to the Administrator.

Chief to keep membership register.

4.(1) The Chief shall keep a register in a form he deems expedient, in which the following particulars in respect of any person appointed a member in terms of Regulation 3, shall be forthwith recorded:

(a) Full name, surname and identity number;

(b) Sex;

(c) Age;

(d) Volledige woonadres en telefoonnommer;

(e) Beroep;

(f) Volledige werkadres en telefoonnommer;

(g) Aard van diens waartoe hy hom ingevolge Regulasie 3 verbind het;

(h) Datum van aanstelling;

(j) Sodanige ander besonderhede as wat die Hoof dienstig ag.

(2) Wanneer 'n lid aangestel word, reik die Hoof die volgende aan hom uit:

(a) 'n identiteitskaart in die vorm wat in Bylae C voorgeskryf is; en

(b) 'n wit armband waarop die burgerlikebeskermingsonderskeidingsteken in die vorm, grootte en kleure wat in Bylae D voorgeskryf is, aangebring is.

(3) Die burgerlike beskermingsonderskeidingsteken wat in subregulasie (2)(b) genoem word, kan na goeddunke van die plaaslike bestuur wissel in grootte en kan aangebring word op enige roerende of onroerende goed wat in verband met burgerlike beskerming gebruik word of waarskynlik gebruik sal word.

(4) Indien 'n plaaslike bestuur dit dienstig ag, kan hy die aktiwiteit ten opsigte waarvan 'n lid diens verrig aandui deur op die armband wat aan sodanige lid uitgereik word, die burgerlikebeskermingsonderskeidingsteken te kombineer met 'n simbool in die vorm wat in Bylae E voorgeskryf is.

(5) Wanneer ookal 'n lid van adres verander, stel hy die Hoof onverwyld daarvan in kennis en verstrek terselfdertyd volle besonderhede van sy nuwe adres.

(6) Wanneer 'n lid ingevolge Regulasie 5 ophou om 'n lid te wees, besorg hy onverwyld die identiteitskaart en die burgerlikebeskermingsonderskeidingsteken wat ingevolge subregulasie (2) of (4) aan hom uitgereik is, aan die Hoof terug.

(7) 'n Lid wat weier, versuim of nalaat om aan die bepalings van subregulasie (6) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.

Beëindiging van aanstelling as lid.

5. 'n Lid hou op om 'n lid te wees —

(a) wanneer sy aanstelling summier deur die Hoof beëindig word as gevolg van —

(i) onvermoë om diens na die mening van die Hoof bevredigend te verrig, of

(ii) gedrag wat na die mening van die Hoof wangedrag is;

(b) sewe dae na die datum waarop òf die Hoof òf sodanige lid skriftelik kennis gegee het van die beëindiging van sodanige aanstelling aan die lid of die Hoof, na gelang van die geval;

(c) van die datum waarop hy ophou om in die regsgebied van die plaaslike bestuur te woon; of

(d) in die geval van 'n lid waarna in Regulasie 3(3) verwys word, nadat sy indiensneming by die plaaslike bestuur beëindig word.

(d) Full residential address and telephone number;

(e) Profession;

(f) Full business address and telephone number;

(g) Nature of service to which he has committed himself in terms of Regulation 3;

(h) Date of appointment;

(j) Such other particulars as the Chief may deem expedient.

(2) When a member is appointed, the Chief shall issue the following to him:

(a) an identity card in the form prescribed in Schedule C; and

(b) a white armband on which the civil defence distinguishing emblem in the form, size and colours prescribed in Schedule D, has been affixed.

(3) The civil defence distinguishing emblem referred to in subregulation (2)(b) may in the discretion of the local authority concerned, vary in size, and may be affixed to any movable or immovable property which are or will probably be used in connection with civil defence.

(4) If a local authority deems it expedient, it may designate the activity in respect of which a member renders service by combining on the armband which is issued to a member, the distinguishing civil defence emblem with a symbol in the form prescribed in Schedule E.

(5) Whenever a member changes his address he shall without delay inform the Chief thereof and at the same time furnish full details of his new address.

(6) When a member ceases, in terms of Regulation 5, to be a member, he shall without delay return to the Chief the identity card and distinguishing civil defence emblem issued to him in terms of subregulation (2) or (4).

(7) A member who refuses, neglects or fails to comply with the provisions of subregulation (6) shall be guilty of an offence.

Termination of appointment as member.

5. A member shall cease to be a member —

(a) when his appointment is summarily terminated by the Chief on account of —

(i) inability, in the opinion of the Chief, to render service satisfactorily; or

(ii) conduct which, in the opinion of the Chief, is misconduct;

(b) seven days from the date on which either the Chief or such member gave written notice of the termination of such appointment to the member or the Chief, as the case may be;

(c) from the date on which he ceased to reside in the area of jurisdiction of the local authority; or

(d) in the case of a member referred to in regulation 3(3), upon termination of his employment by the local authority.

Opleiding van lede.

6.(1) Wanneer die Hoof dit dienstig ag, kan hy 'n lid skriftelik gelas om opleiding in verband met die diens waartoe hy homself verbind het, te ondergaan.

(2) Sodanige opleiding —

(a) geskied op koste, as daar is, van die plaaslike bestuur;

(b) word gegee —

(i) deur die persoon of by die instelling en op die tyd en plek deur die Hoof bepaal;

(ii) aan 'n inrigting wat ingevolge artikel 6(1) van die Ordonnansie deur die Administrateur goedgekeur is en op die tyd deur die Hoof bepaal;

(c) duur in totaal vir 'n tydperk van hoogstens 96 uur per jaar, tensy die lid instem om opleiding vir 'n langer tydperk te ondergaan.

(3) 'n Lid wat opleiding by 'n instelling of inrigting (in subregulasie (2)(b) genoem) ondergaan, is, terwyl hy sodanige opleiding ondergaan en vir die doeleindes van sodanige opleiding, onderworpe aan die gesag en dissipline van sodanige instelling of inrigting.

(4) Indien 'n plaaslike bestuur (hierna die eerste plaaslike bestuur genoem) 'n inrigting wat ingevolge artikel 6(1) van die Ordonnansie as 'n inrigting vir opleiding goedgekeur is, in stand hou of beheer, kan die eerste plaaslike bestuur die opleiding van lede van die korps van 'n ander plaaslike bestuur (hierna die tweede plaaslike bestuur genoem) onderneem op sodanige voorwaardes wat onderling tussen die eerste en die tweede plaaslike bestuur ooreengekom is en betaal die tweede plaaslike bestuur sodanige lede se redelike reis- en verblyfkoste en sodanige ander koste as wat regstreeks uit sodanige opleiding spruit.

(5) Die Hoof hou 'n rekord in die vorm wat hy dienstig ag van alle lede wat hy ingevolge subregulasie (1) gelas het om opleiding te ondergaan en inderdaad opleiding ondergaan.

(6) 'n Lid wat sonder voldoende rede — die bewyslas waarvan op hom rus — weier, versuim of nalaat om hom vir opleiding aan te meld nadat hy ingevolge subsegulasie (1) beveel is om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig.

Oproep vir diens en dra van armband en identiteitskaart.

7.(1) 'n Lid staan onder die gesag en dissipline van die Hoof wanneer hy deur die Hoof opgeroep is om diens te doen gedurende 'n noodtoestand of 'n ramptoestand of waar stappe ingevolge artikel 2(3) van die Wet gedoen word, en is hy verplig om hom vir diens aan te meld, die diens te verrig waarvoor hy homself ingevolge hierdie Regulasies verbind het en alle wettige bevele wat deur die Hoof in verband met die diens gegee is na te kom en uit te voer.

(2) Wanneer 'n lid diens verrig soos in subregulasie (1) beoog, dra hy —

(a) die armband in Regulasie 4(2) of 4(4) genoem aan sy persoon op die wyse wat deur die Hoof bepaal word;

(b) die identiteitskaart in Regulasie 4(2) genoem, aan sy persoon; en

Training of members.

6.(1) When the Chief deems it expedient he may in writing direct a member to undergo training in connection with the service to which he has bound himself.

(2) Such training —

(a) shall take place at the expense, if any, of the local authority;

(b) shall be given —

(i) by the person or at an establishment and at the time and place determined by the Chief;

(ii) at an institution which has been approved by the Administration in terms of section 6(1) of the Ordinance and at the time determined by the Chief;

(c) shall be for a total period not exceeding 96 hours per year, unless the member agrees to undergo training for a longer period.

(3) A member who undergoes training at an establishment or institution referred to in subregulation (2)(b) shall be subject to the authority and discipline of such establishment or institution while undergoing such training and for the purposes of such training, shall be subject to the authority and discipline of such establishment or institution.

(4) If a local authority (hereinafter named the first local authority) maintains or controls an institution which has been approved in terms of section 6(1) of the Ordinance as an institution for training, the first local authority may undertake the training of members of the corps of another local authority (hereinafter named the second local authority) on such conditions as may be mutually agreed by the first and second local authorities, and the second local authority shall pay any reasonable travel and subsistence allowances of members and such other costs as may directly arise from such training.

(5) The Chief shall keep a record, in the form he deems expedient, of all members he has, in terms of subregulation (1), directed to undergo training and who have actually undergone training.

(6) A member who, without adequate reason — the burden of proof for which shall rest on him — refuses, neglects or fails to report for training after having been directed, in terms of subregulation (1), to do so, shall be guilty of an offence.

Call-up for service and wearing of armband and identity card.

7.(1) A member is under the authority and discipline of the Chief when he is called up by the Chief to render service during a state of emergency or state of disaster, or where steps are taken in terms of section 2(3) of the Act, he shall be obliged to report for service, perform the service to which he bound himself in terms of these Regulations and to carry out all lawful commands which the Chief may give him in connection with such service.

(2) When a member performs the service contemplated in subregulation (1) he shall —

(a) wear the armband referred to in Regulation 4(2) or 4(4) on his person in the manner determined by the Chief;

(b) carry the identity card referred to in Regulation 4(2) on his person; and

(c) toon hy sodanige identiteitskaart aan iedereen wat hom daarvoor vra om dit te doen.

(3) Die Hoof hou 'n register in die vorm wat hy dienstig ag waarin hy die name aanteken van alle lede wat hy ingevolge subregulasie (1) opgeroep het om diens te verrig, die aard van sodanige diens en die duur daarvan.

(4) 'n Lid wat sonder voldoende rede — die bewyslas waarvan op hom rus — weier, versuim of nalaat om hom vir diens aan te meld nadat hy ingevolge subregulasie (1) beveel is om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig.

Geen besoldiging terwyl 'n lid opleiding ondergaan of diens verrig nie.

8. 'n Lid is nie geregtig op besoldiging, van watter aard ook al van die plaaslike bestuur terwyl hy opleiding ondergaan of diens verrig nie.

Administrateur of Hoof moet Eiendomsregister hou.

9.(1) Die Administrateur of die Hoof, na gelang van die geval, hou 'n register of laat een hou in die vorm wat hy dienstig ag waarin die volgende besonderhede onverwyld aangeteken word met betrekking tot die grond, gebou, artikel of ding ten opsigte waarvan hy enige bevoegdheid soos in artikel 3(5) van die Ordonnansie beoog, uitgeoefen het:

(a) 'n volledige beskrywing van die grond, gebou, artikel of ding wat ingevolge artikel 3(5)(a)(i) of (ii) van die Ordonnansie afgestaan, gelewer of beskikbaar gestel is;

(b) volledige besonderhede van die persoon of eienaar wat die grond, gebou, artikel of ding wat in paragraaf (a) genoem word, afgestaan, gelewer of beskikbaar gestel het;

(c) die datum waarop en die persoon aan wie sodanige grond, gebou, artikel of ding afgestaan, gelewer of beskikbaar gestel is; en

(d) die datum (as daar een is) waarop sodanige grond, gebou, artikel of ding aan die persoon of eienaar in paragraaf (b) genoem, terugbesorg is.

(2) Die bepalings van hierdie Regulasie is *mutatis mutandis* van toepassing op enige grond of gebou wat vrywilliglik ingevolge artikel 9(1) van die Ordonnansie afgestaan is of enige artikel of ding wat ingevolge gemelde bepaling van die Ordonnansie gelewer of beskikbaar gestel is.

Geskille met betrekking tot vergoeding.

10.(1) Indien 'n geskil met betrekking tot die vergoeding wat ingevolge artikel 3(6) van die Ordonnansie betaalbaar is vir die gebruik van grond of 'n gebou wat ingevolge artikel 3(5) van die Ordonnansie afgestaan is of ten opsigte van 'n artikel of ding wat ingevolge gemelde bepaling gelewer of beskikbaar gestel is, ontstaan, verstrek die Administrateur of die Hoof sodanige inligting met betrekking tot die geskil wat die liggaam of komitee in artikel 3(6) van die Ordonnansie genoem, vir die beslegting van sodanige geskil nodig ag.

(2) Die persoon of eienaar in Regulasie 9(1)(b) genoem, en die betrokke plaaslike bestuur of Administrateur, na gelang van die geval, of die regsverteenwoordiger van sodanige persoon, eienaar, plaaslike bestuur of

(c) produce such identity card to any person requesting him to do so.

(3) The Chief shall keep a register, in the form he deems expedient, in which he shall record the names of all members called up by him in terms of subregulation (1) to perform service, the nature of such service and the duration thereof.

(4) A member who, without adequate reason — the burden of proof for which shall rest on him — refuses, neglects or fails to report for service after having been instructed, in terms of subregulation (1), to do so, shall be guilty of an offence.

No remuneration while a member undergoes training or performs duty.

8. A member is not entitled to receive remuneration of any nature whatsoever from the local authority while undergoing training or performing service.

Administrator or Chief to Keep Property Register.

9.(1) The Administrator or the Chief, as the case may be, shall keep or cause to be kept, a register in the form he deems expedient, in which the following particulars shall be forthwith noted with regard to the land, building, article or thing in respect of which he has exercised any power as contemplated in section 3(5) of the Ordinance:

(a) a full description of the land, building, article or thing which has been surrendered, delivered or made available in terms of section 3(5)(a)(i) or (ii) of the Ordinance;

(b) full particulars of the person or owner who has surrendered, delivered or made available any land, building, article or thing referred to in paragraph (a);

(c) the date on which and the person to whom any such land, building, article or thing has been surrendered, delivered or made available; and

(d) the date (if any) on which any such land, building, article or thing was returned to the person or owner mentioned in paragraph (b).

(2) The provisions of this Regulation apply *mutatis mutandis* applicable to any land or building which has been voluntarily surrundered in terms of section 9(1) of the Ordinance or to any article or thing which has been delivered or made available in terms of the said provision of the Ordinance.

Disputes in connection with compensation.

10.(1) Should a dispute arise with regard to the compensation which is payable in terms of section 3(6) of the Ordinance for the use of land or a building which was surrendered in terms of section 3(5) of the Ordinance or in respect of an article or thing which was delivered or made available in terms of the said provision, the Administrator or Chief shall furnish such information concerning the dispute which the body or committee referred to in section 3(6) of the Ordinance deems expedient for settling such dispute.

(2) The person or owner referred to in Regulation 9(1)(b) and the local authority concerned or the Administrator, as the case may be, or the legal representative of such person, owner, local authority or Administrator,

die Administrateur, is geregtig om op 'n tyd, dag en plek bepaal deur die liggaam of komitee in subregulasie (1) genoem, voor sodanige liggaam of komitee ter staving van sy eis of verweer, na gelang van die geval, te verskyn.

Lasgewings met Betrekking tot Ontruiming van Persele.

11. Benewens die by artikel 11 van die Ordonnansie verleende bevoegdhede, kan die Hoof of 'n lid in die uitoefening van sy bevoegdhede of die verrigtinge van sy werksaamhede of pligte tydens 'n noodtoestand, 'n ramptoestand, 'n ramp of waar stappe ingevolge artikel 2(3) van die Wet gedoen word, enige persoon gelas om enige perseel te ontruim indien hy op redelike gronde glo dat sodanige ontruiming nodig is vir —

(i) die red of beveiliging van lewens van persone;

(ii) die voorkoming van besering van persone; of

(iii) die bekamping van sodanige noodtoestand, ramptoestand, ramp of die omstandighede in artikel 2(3) van die Wet beoog.

Strafbepaling.

12. Iemand wat aan 'n misdryf ingevolge hierdie Regulasies skuldig bevind word, is strafbaar met 'n boete van hoogstens eenhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een maand of met beide sodanige gevangenisstraf en sodanige boete.

Kort Titel.

13. Hierdie Regulasies heet die Regulasies op Burgerlike Beskerming 1978.

BYLAE A.

AANSOEK VIR AANSTELLING AS LID VAN DIE BURGERLIKE-BESKERMINGSKORPS VAN

.....

(REGULASIE 3(1)).

1. Volle naam en van: .....

.....

2. Geslag: .....

3. Ouderdom: .....

4. Identiteitsnommer: .....

5. Volledige woonadres: .....

.....

6. Tel. nommer: ..... (Huis) ..... (Werk).

7. Is u 'n lid van —

(a) die S.A. Polisie?	Ja/Nee
(b) die Polisiereserwe?	Ja/Nee
(c) die Reserwepolisiemag (Reservis)?	Ja/Nee
(d) die S.A. Spoorwegpolisiemag?	Ja/Nee
(e) die Gevangenisdiens?	Ja/Nee
(f) die Staande Mag?	Ja/Nee
(g) die Burgermag?	Ja/Nee

shall be entitled, at a time and place and on a day determined by the body or committee referred to in subregulation (1), to appear before such body or committee in support of his claim or defence, as the case may be.

Directives with regard to the evacuation of premises.

11. In addition to the powers conferred on him under section 11 of the Ordinance, the Chief or member may, in the exercise of his powers or the performance of his functions or duties during a state of emergency, a state of disaster, a disaster or where steps are taken in terms of section 2(3) of the Act, direct any person to evacuate any premises, if he believes on reasonable grounds that such evacuation is necessary for —

(i) the saving or preservation of lives of persons;

(ii) the prevention of injury to persons; or

(iii) combating of such state of emergency, state of disaster, disaster or the circumstances contemplated in section 2(3) of the Act.

Penalties.

12. Any person who is convicted of a contravention of any provision of these Regulations shall be liable to a fine not exceeding one hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one month or to both such imprisonment and such fine.

Short Title.

13. These Regulations shall be called the Civil Defence Regulations, 1978.

SCHEDULE A.

APPLICATION FOR APPOINTMENT AS MEMBER OF THE

.....

CIVIL DEFENCE CORPS

(REGULATION 3(1))

1. Full name and surname: .....

.....

2. Sex: .....

3. Age: .....

4. Identity No.: .....

5. Full residential address: .....

.....

6. Tel. No: ..... (Home) ..... (Office).

7. Are you a member of —

(a) the S.A. Police?	Yes/No
(b) the Police Reserve?	Yes/No
(c) the Reserve Police Force (Reservist)?	Yes/No
(d) the S.A. Railways Police Force?	Yes/No
(e) the Prisons Service?	Yes/No
(f) the Permanent Force?	Yes/No
(g) the Citizen Force?	Yes/No

(h) 'n Kommando? Ja/Nee

(i) die Staandemagreserwe? Ja/Nee

(j) die Reserwe van Offisiere? Ja/Nee
Indien ja, sedert wanneer? .....

(k) die Burgermagreserwe? Ja/Nee
Indien ja, sedert wanneer? .....

(l) die kommandoreserwe? Ja/Nee
Indien ja, sedert wanneer? .....

(m) die Hulpdiens van die S.A. Weermag? Ja/Nee

(n) 'n werknemer van Krygkor? Ja/Nee

(o) 'n werknemer van die Departement van Nasionale Veiligheid? Ja/Nee

8. Aard van diens ten opsigte waarvan applikant gewillig is om hom te verbind: .....

.....

.....

.....

Handtekening van applikant.

Datum: .....

SERTIFIKAAT DEUR WERKGEWER (indien enige). (REGULASIE 3(1)(b)).

Beroep van werknemer (Applikant): .....

Volledige werksadres van werknemer (Applikant): .....

.....

Opmerkings deur werkgewer: .....

.....

.....

.....

Handtekening van werkgewer.

Kantoorstempel:

VERBINTENIS (REGULASIE 3(1)).

Ek, die ondergetekende, verbind my hiermee plegtig en opreg om, solank ek 'n lid van die Burgerlikebeskermingskorps van .....
(1) die diens waarna in my aansoek hierbo verwys word na die beste van my vermoë en sonder vrees of teespraak te verrig, en opleiding in verband daarmee te ondergaan, ooreenkomstig die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1977 (Ordonnansie 20 van 1977) en die Regulasies daarkragtens uitgevaardig.

.....

Handtekening van applikant.

Die applikant het hierdie verbintenis op ..... te ..... voor my aangegaan en onderteken nadat hy erken het dat hy die inhoud daarvan verstaan en dit begryp.

.....

Hoof van Burgerlike Beskerming.

(h) a Commando? Yes/No

(i) the Permanent Force Reserve? Yes/No

(j) the Officers Reserve? Yes/No
If so, since when? .....

(k) the Citizen Force Reserve? Yes/No
If so, since when? .....

(l) the Commando Reserve? Yes/No
If so, since when? .....

(m) the S.A. Defence Force Auxiliary Service? Yes/No

(n) Armscor? Yes/No

(o) the Department of National Security? Yes/No

8. Nature of service in respect of which the applicant is prepared to commit himself: .....

.....

.....

.....

Signature of Applicant.

Date: .....

CERTIFICATE BY EMPLOYER (if any) (REGULATION 3(1)(b))

Occupation of employee (Applicant) .....

Full business address of employee (Applicant) .....

.....

Employer's remarks: .....

.....

.....

.....

Signature of Employer.

Office Stamp:

UNDERTAKING. (REGULATION 3(1))

I, the undersigned, hereby solemnly and sincerely and as long as I remain a member of the (1) ..... Civil Defence Corps commit myself to render to the best of my ability and without fear or contradiction the service referred to in my application above, and to undergo training in connection therewith in terms of the Civil Defence Ordinance, 1977 (Ordinance 20 of 1977) and the regulations promulgated thereunder.

.....

Signature of Applicant.

The applicant entered into and signed this undertaking before me at ..... on ..... after acknowledging that he knows and understands the contents thereof.

.....

Chief of Civil Defence.

TOESTEMMING VAN OUER OF VOOG (2).

Ek, die ondergetekende, synde die wettige voog van ..... (3) stem hiermee toe tot bogenoemde verbintenis.

.....

Handtekening van voog.

Datum:..... *Hoedanigheid:*.....

(1) Naam van plaaslike bestuur;

(2) Voltooi te word vir die geval van minderjarige;

(3) Naam van applikant.

BYLAE B.

BURGERLIKE BESKERMING.

MEDIESE VERSLAG VAN LID.
(REGULASIE 3(1)(a)(vii)).

A. PERSOONLIKE BESONDERHEDE (moet deur geneesheer ingevul word).

(1) Identiteitsnommer: ..... Geboortedatum:.....

Familienaam: .....
(Blokletters).

(2) Voorname: .....

(3)(a) Het u al ooit aan malaria, rumatiekkoors, maagaandoenings, uitskeiding uit die ore, bilharsia, harsingskudding, epilepsie, verlies van bewussyn, asma of tuberkulose gely, of het u al ooit enige ernstige besering of siekte opgedoen of ernstige operasie ondergaan of in 'n gestig vir sielsiekes behandeling ontvang? (Gee volledige besonderhede met datums) .....

.....

(b) Weet u van enigiets twyfelagtig omtrent u gesondheidstoestand of gestel wat moontlik u geskiktheid vir burgerlike beskerming mag benadeel? .....

.....

(4) Het u al ooit in enige gewapende mag gedien?

(Ja/Nee)..... No..... Rang..... Rgt.....

Indien wel:

(a) Is u ook ooit as medies ongeskik ontslaan?.....

(b) Indien wel, meld datum van ontslag .....

(c) Trek u nou enige oorlogs- en ongeskiktheidspensioen? .....

Aard van ongeskiktheid .....

Moet deur applikant geteken word:

Ek sertifiseer hierby dat bostaande verklarings na my beste wete en oortuiging waar en juis is.

Geteken: .....

Datum:.....

CONSENT BY PARENT OR GUARDIAN (2).

I, the undersigned, being the legal guardian of .....
hereby consent to the above-mentioned undertaking.

.....

Signature of Guardian.

Date: ..... *Capacity:* .....

(1) Name of local authority.

(2) To be completed in the case of a minor.

(3) Name of Applicant.

SCHEDULE B.

CIVIL DEFENCE.

MEDICAL REPORT ON MEMBER.
(REGULATION 3(1)(a)(vii)).

A. PERSONAL PARTICULARS (to be completed by medical practitioner).

(1) Identity No.: ..... Date of Birth: .....

Surname: .....
(Block Letters).

(2) Forenames: .....

(3)(a) Have you ever suffered from malaria, rheumatic fever, gastric complaints, gastric ulcers, discharges from the ears, bilharzia, concussion, epilepsy, loss of consciousness, asthma or tuberculosis, or have you ever been seriously injured, contracted a serious disease or undergone a serious operation or received treatment in a mental institution? (Furnish full particulars and dates.)

.....

.....

(b) Are you aware of anything doubtful concerning your state of health or your constitution which could possibly be prejudicial to your acceptability for civil defence? .....

.....

(4) Have you ever served in any armed force?

(Yes/No) ..... No. ..... Rank ..... Rgt.....

If so:

(a) Were you ever discharged as medically unfit? .....

(b) If so, state date of discharge. .....

(c) Are you at present drawing a war pension or a disability pension? .....

Nature of disability: .....

To be signed by Applicant:

I hereby certify that the statements above are true and correct to the best of my knowledge and belief.

Signature: .....

Date: .....

B. GENEESKUNDIGE ONDERSOEK:

(5) Lengte (kaalvoet) ..... massa (nakend) .....kg

(6) Liggaamsbou .....

(a) Borsmaat: By inaseming .....cm.
By uitaseming.....cm.

(b) Buikmaat .....cm.

(7) Lyf- of littekens .....

(8) ASEMHALINGSTELSEL:

(a) Longe- en enige abnormaliteite .....

(9) HART-BLOEDVATSTELSEL:

(a) Hart (enige abnormaliteite) .....

(b) Bloedvate (enige tekens van ontaarding) .....

(c) Polsslag .....

(d) Bloeddruk .....

(10) GESLAGSORGANE EN URIENSTELSEL:

(a) Urienontleding - Eiwit..... Suiker.....

Enige ander abnormale bestanddeel .....

(b) Enige geskiedenis van nierkwaal .....

(c) Sakaarbreuk (indien aanwesig, hoe groot?) .....

(d) Enige geskiedenis van veneriese siekte .....

(e) Enige tekens van 'n breuk? .....

(11) BUIKORGANE (enige abnormaliteite) .....

(12) BEWEGINGSTELSEL: Enige abnormaliteit van die ruggraat, gewrigte, ledemate, hande of voete .....

(13) SENUSTELSEL: Enige tekens of simptome van senu- of geestessiektes .....

(14) GESIGSKERPTE:

Sonder bril: R 6/ L 6/ kleuronderskeidingsvermoë Graad.....

Met bril: R 6/ L 6/

(15) O.N.K. GEHOOR: Fluistertoets ..... ore
(enige teken van kwale) .....

Enige geskiedenis of tekens van abnormaliteite in die sinusse, neus of keel .....

(16) GEBIT (is dit bevredigend?) .....

(17) ALGEMEEN: Enige ander abnormaliteite .....

B. MEDICAL EXAMINATION:

(5) Height (barefoot) ..... mass (naked) .....kg

(6) Stature .....

(a) Chest measurement: Expanded ..... cm.
Contracted .....cm.

(b) Abdominal measurement .....cm.

(7) Body marks or scars .....

(8) RESPIRATORY SYSTEM:

(a) Lungs — any abnormalities .....

(9) CARDIOVASCULAR SYSTEM:

(a) Heart (any abnormalities) .....

(b) Blood-vessels (any signs of deterioration) .....

(c) Pulse rate .....

(d) Blood pressure .....

(10) GENITALS AND URINARY SYSTEM:

(a) Urinanalysis - Albumen..... Glycogen.....

Any other abnormal element .....

(b) Any history of nephropathy .....

(c) Scrotal varicocele (if present, what size?) .....

(d) Any history of venereal disease? .....

(e) Any signs of a rupture? .....

(11) ABDOMINAL ORGANS (any abnormalities) .....

(12) LOCOMOTORIUM: Any abnormality of the spine, joints, limbs, hands or feet .....

(13) NERVOUS SYSTEM: Any signs or symptoms of nervous or mental disease .....

(14) VISUAL ACUITY:

Without glasses: R 6/ L 6/ Colour distinction Degree.....

With glasses: R 6/ L 6/

(15) E.N.T. HEARING: Whisper Test ..... ears
(any sign of ailments) .....

Any history or signs of abnormalities in the sinuses, nose or throat .....

(16) DENTITION (is it satisfactory?) .....

(17) GENERAL: Any other abnormalities .....

Ek het hierdie kandidaat ondersoek en verklaar dat hy/sy GESKIK/ONGESKIK is vir diens .....

Plek van ondersoek .....

Geteken: .....

Datum: .....

Geregistreerde kwalifikasies: .....

BYLAE C.

.....(1)

IDENTITEITSKAART.

(Uitgereik ingevolge regulasie 4(2) van die Regulasies uitgevaardig kragtens die Ordonnansie op Burgerlike Beskerming, 1977 (Ordonnansie No. 20 van 1977)).

Hiermee word gesertifiseer dat .....

..... (2), identiteitsnommer .....

.....(3), behoorlik ingevolge bogemelde regulasies aangestel is as 'n lid van die Burgerlike Beskermingskorps van .....(1).

Foto van lid (4).

Datum van uitreiking: .....

.....

Handtekening van Hoof van Burgerlike Beskerming.

(1) Vul in naam van plaaslike bestuur.
(2) Vul in naam van lid.
(3) Vul in Identiteitsnommer.
(4) Paspoortgrootte.

BYLAE D.

BURGERLIKE BESKERMINGSKENTEKEN.
(REGULASIE 4(2)).



Afmeting van letters: 7 mm hoog en 3 mm breed.
Kleur van letters: Geel.

I have examined this candidate and declare him/her FIT/UNFIT for service .....

Place of examination: .....

Signature: .....

Date: .....

Registered qualifications: .....

SCHEDULE C.

.....(1)

IDENTITY CARD.

(Issued in terms of Regulation 4(2) of the Regulations promulgated under the Civil Defence Ordinance, 1977 (Ordinance No. 20 of 1977)).

It is hereby certified that .....

.....(2), Identity Number .....(3)

has been duly appointed a member of the .....

.....(1) Civil Defence Corps in terms of the abovementioned Regulations.

Member's Photograph (4).

Date of issue: .....

.....

Signature of Chief of Civil Defence.

(1) Fill in name of local authority.
(2) Fill in name of member.
(3) Fill in Identity Number.
(4) Passport Size.

SCHEDULE D.

CIVIL DEFENCE EMBLEM.
(REGULATION 4(2)).



Dimensions of letters: 7 mm high and 3 mm wide.
Colour of letters: Yellow.

BYLAE E.

BURGERLIKE BESKERMINGSKENTEKEN EN SIMBOOL VAN AKTIWITEITE.

(REGULASIE 4(4)).

1. Brandbestryding.



2. Kommunikasie.



3. Elektriese Dienste.

SCHEDULE E.

CIVIL DEFENCE EMBLEM AND SYMBOL OF ACTIVITIES.

(REGULATION 4(4)).

1. Fire-fighting.



2. Communication.



3. Electrical Services.

4. Waterdienste.

4. Water Services.

5. Verkeersbeheer.

5. Traffic Control.

6. Noodhulp.



6. First Aid



7. Beheer.

(Vir persoonlike gebruik deur Hoof en sy beheer-element).



7. Control.

(For personal use by Chief and his control element).

8. Versorgingsdienste.

8. Care Services.



9. Vervoerdienste.

9. Transport Services.



10. Stadswapen.

(Vir gebruik deur lede van administratiewe en uitvoerende dienste).

Tekens Nos. 1 tot 10 hierbo moet van dieselfde groottes en kleure wees as die ten opsigte van die teken wat op Bylae D beskryf is.

Die aktiwiteitssimbole se kleur, in die geval van tekens Nos. 1, 4, 6, 8 en 9, is volgroen op 'n geel agtergrond en in die geval van tekens Nos. 2, 3, 5, 7 en 10, word die simbool op 'n geel agtergrond, groen omrand.



10. *Municipal coat of arms*

(For use by members of administrative and executive services).

Signs Nos. 1 to 10 above must be of the same sizes and colours as those in respect of the sign described in Schedule D.

The colour of the activity symbols in the case of signs Nos. 1, 4, 6, 8 and 9 is green on a yellow background, and in the case of signs Nos. 2, 3, 5, 7 and 10 the symbol on a yellow background is outlined in green.

Gedruk vir die Transvaalse Provinsiale Administrasie, Pta., deur Hoofstadpers Beperk, Posbus 422, Pretoria.

Printed for the Transvaal Provincial Administration, Pta., by Hoofstadpers Beperk, P.O. Box 422, Pretoria.